**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk en Literatuurstudie)**

**FEB / MARCH / MAART 2006**

**Slegs Deeltydse Kandidate**

**TYD: 2½ uur**

**PUNTE: 120**

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
- Beantwoord: EEN vraag uit Afdeling A
  DRIE vrae uit Afdeling B
  EEN vraag uit Afdeling C

---

## AFDELING A
## KREATIEWE SKRYFWERK

**INSTRUKSIES**

- Beantwoord slegs EEN vraag.
- Skryf die nommer van die vraag wat jy kies, neer.
- Hou by die vereiste lengte.
- Besin en beplan deeglik en benut die volle tydsduur van die vraestel.
- Die lengte van die skryfstuk moet ongeveer 450 – 550 woorde wees.


Jy het gedurende die afgelope paar jaar in Afrikaans-onderrig met skryfwerk oor ? wye terrein kennis gemaak. Skryfwerk impliseer nie net skriftelike kommunikasie en die hantering van verskillende skryfstukke nie, maar ook taalvaardigheid en taalgebruik.

Hou by jou skryfstuk die volgende belangrike skryfbeginsels in gedagte:

- Die DOEL wat jy met die skryfstuk wil bereik.
- Die TEIKENGROEP op wie die skryfstuk betrekking het.
- Die VORM wat die skryfstuk behoort aan te neem.
- Die TAAL en STYL wat by die skryfstuk pas.

**VRAAG 1**

1.1 *SOUNDTRACKS VIR DIE LEWE*




Wat sou jou lewe sonder musiek gewees het? ? Vrou genaamd Fanny Cradock het eenmaal gesê: "Every fragment of song holds a mirror to a past moment for someone."

Elke mens het ? *soundtrack* vir sy lewe. ? Mens assosieer sekere songs met sekere tydperke en gebeurtenisse, nes reuke jou herinner aan iets wat gebeur het. Musiek is ? manier om emosies uit te leef, om te *deal* met dae gevul met frustrasie / geluk / hartseer / moedeloosheid / liefde. Dis terapeuties.

**Vertel** van jou *soundtracks*.

**OF**

1.2

> Ek glo vas in geluk, en ondervind hoe harder
> ek werk,
> des te makliker tref dit my.
>
> Stephen Leacock, Kanadese ekonoom en humoris (1869 – 1944)

Stem jy saam met die woorde van Stephen Leacock? **Bespiegel** hieroor.

**OF**

1.3

## Herman hou van sport en poësie

? Veelsydige sportman wat van syfers hou en in sy vrye tyd poësie lees, mag ongewoon klink, maar dit is juis dié ongewone kombinasie van talente en belangstellings wat gesorg het dat Herman Lombard tot die eindronde van die Matrikulant 2005-wedstryd deurgedring het.

Herman (18) onderhoofseun van die Hoërskool Prestasie in Biesiesvlei, was vanjaar sy skool se Sportman van die Jaar.

Herman, wat byna 2 meter lank is, was in gr. 11 onderkaptein van die eerste tennisspan en vanjaar het hy op die interhoër-atletiek-byeenkoms die verspring gewen. Hy het ook vir die skool se eerste rugbyspan gespeel en aan krieket en gholf deelgeneem. En asof dit nie genoeg is nie, speel hy muurbal en doen liggaamsbou en waterski vir ontspanning.

Herman weet nie eintlik waar dié liefde vir sport vandaan kom nie, hoewel sy ma, Susan, ? skoonheidsterapeut, en sy pa, Pieter, ? oogkundige, "nogal sportief" was. Wanneer hy aanstaande jaar in die meganiese ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria gaan studeer, wil hy probeer om darem nog tyd in te ruim vir atletiek.

Daar is egter ook ? ander sy aan Herman: hy lees graag prosa en poësie. Sy geliefkoosde digter is sy broer, Stephan, ? regstudent, oor wie se werk hy baie geesdriftig raak.

Herman is ? WENNER. **Beskryf** ? wenner in jou skool of gemeenskap en motiveer waarom hy/sy jou keuse is.

**OF**

1.4 Jy skryf gereeld artikels vir ? rubriek **VANDAG SE MANNE / MEISIES** in ? jeugtydskrif. Skryf ? **artikel** oor EEN van die onderstaande onderwerpe:

1.4.1 Modes het deesdae vir mans amper dieselfde status as ? groot BMW!

**OF**

1.4.2 Meisies is mal oor mans wat hulself goed versorg, mooi aantrek en lekker ruik!

1.5

## In SA kan jonges se drome nog waar word

Elke jaar sedert 1994 het opnuut ? nuwe begin vir Suid-Afrika ingelui. Daar was beter en slegte tye in die nuwe Suid-Afrika, maar die goeies is in die meerderheid.
Die nuwe geslag wat nou in matriek is, het grootgeword sonder die juk van apartheid. Hulle sal die mense wees wat gaan maak dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap sal slaag.

Skryf ? **toespraak** getiteld **In SA kan jonges se drome nog waar word.**

**OF**

1.6

# Sokker kan SA groot hupstoot gee


Suid-Afrika is aangewys as gasheer vir die Wêreldbeker-sokkertoernooi wat in 2010 gaan plaasvind. Die hele land het gejuig toe die aankondiging gedoen is. Maar is dit werklik ? goeie ding?

Skryf ? **beredenerende** skryfstuk waarin jy jou uitspreek oor die voordele / nadele wat dit vir die land kan inhou.

**OF**

1.7 Skryf die nommer van die illustrasie wat jy kies bo-aan die skryfstuk en voorsien die skryfstuk van ? opskrif. Jou skryfstuk kan van enige aard, styl of trant wees. Dit kan bv. verhalend, nugter-beredenerend, bespiegelend of beskrywend wees.

1.7.1




**OF**

1.7.2



**OF**

1.7.3




**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

AFDELING B
## FUNKSIONELE SKRYFWERK

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord TWEE opdragte van 20 punte elk en EEN opdrag van 10 punte.
- Beantwoord TWEE opdragte uit Vraag 2 en EEN opdrag uit Vraag 3.

Hou by elke opdrag die volgende belangrike skryfbeginsels in gedagte:

- Die DOEL wat jy met die skryfstuk wil bereik.
- Die TEIKENGROEP op wie die skryfstuk betrekking het.
- Die VORM wat die skryfstuk behoort aan te neem.
- Die TAAL en STYL wat by die skryfstuk pas.

**VRAAG 2**

Kies TWEE opdragte van 20 punte elk uit Vraag 2.
Die lengte van elke skryfstuk moet 180 – 200 woorde wees.

2.1

VERTROU DAAI STEMMETJIE!

Noem dit wat jy wil – ? *gut feeling*, ? kropgevoel, ? voorgevoel of daardie stemmetjie in jou kop. Maar moet dit nie ignoreer nie.

Jy onthou ? insident waar daardie einste stemmetjie jou gered het OF toe jy die stemmetjie geïgnoreer het en in groot moeilikheid beland het.

Skryf hieroor in jou **dagboek**.

**OF**

2.2 Kies EEN van die onderstaande koppe (opskrifte) en skryf ? **koerantberig** daaroor.

Op soek na onnie se motor

**Die kat lag laaste in bure se hofstryd**

**Rower gee 'goedkoop' foon terug**

**OF**

2.3 Skryf ? **promosie-artikel** vir ? nuutontwikkelde leierskampterrein. Hierdie artikel gaan in ? landswye skoletydskrif gepubliseer word.

**OF**

2.4




Jy was ? ooggetuie van die gebeure wat hierbo uitgebeeld word. Skryf jou **ooggetuie-verslag** vir die versekeringsmaatskappy.

**OF**

2.5




Jy is ? sterk voorstander van diereregte. Lug jou mening in ? **brief aan die pers** oor die feit dat diere doodgemaak word vir hulle pelse sodat mense daarmee kan pronk.

**OF**

**Resenseer** ? skreeusnaakse video wat pas verskyn het. 20x2=(40)

**EN**

**VRAAG 3**

**INSTRUKSIES:**

- Kies EEN opdrag van 10 punte uit Vraag 3.
- Die lengte van die skryfstuk moet 80 – 100 woorde wees.

3.1 Jou plaaslike Metropolitaanse Raad loods ? veldtog om die saak waaroor dit op die afbeelding hieronder gaan te bevorder.

Stel ? **brosjure** saam om die projek bekend te stel.
Die afbeelding sal op die voorblad van die brosjure verskyn.



**OF**

3.2 Stel ? **kennisgewing** op vir ? talentkompetisie vir jongmense wat in jou omgewing aangebied gaan word. Verskaf alle inligting wat belangstellendes sal benodig.

**OF**

3.3

## Skoenraad

As jy ? paar leerstapstewels wil aanskaf, moet jy jou aanpas ken. Die Leerreklame-vereniging gee die volgende raad:

- Onthou om die veters heeltemal in te ryg sodat die stewel behoorlik pas. Trap op jou voete en probeer knelpunte identifiseer wat jou op ? lang staptog kan pla.
- Jou tone moenie teen die voorkant van die stewel druk nie. Indien wel, het jy beslis ? groter nommer nodig.
- Onthou om jou skoene in te breek voordat jy ? staptog aanpak. Die skoene sal gou hul styfheid verloor en die vorm van jou voet aanneem.
- Jou voet moet knus in die stewel pas en nie rondgly nie. Dit veroorsaak blase en verhoog die kans op ? verswikte enkel.

Kies EEN van die onderstaande en skryf die raad neer wat jy aan iemand sal gee wanneer hy/sy

3.3.1 ? motorfiets / trapfiets / bergfiets / veldfiets wil aanskaf.

3.3.2 ? selfoon wil aanskaf.

3.3.3 ? digitale kamera wil aanskaf. (10)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [50]**

## AFDELING C
## LITERATUURSTUDIE

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie afdeling tel 30 punte.
- Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Die vrae handel onderskeidelik oor *Boeket* (Tony Links e.a.) en *Verlore paradyse* (N.J. Snyman)

### *BOEKET* (TONY LINKS e.a.)

Beantwoord die kontekstuele vraag of die paragraaftipe vraag.

**OF**

### *VERLORE PARADYSE* (N.J. Snyman)

Beantwoord die kontekstuele vraag of die paragraaftipe vraag.

### VRAAG 4

### KONTEKSTUELE VRAAG: *Boeket*

Lees die volgende uittreksels aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg:

> Zo stond de suikerklont enkele weken midden in de grootste mierenhoop van de wereld. Op een zondag betreden de twee hoofdmieren de tunnel opnieuw en constateerd dat de mier met de onverganklijke roem dood was; al een tijd. Men besloot dat de klont daar moest blijven en dat de tunnel zou worden dichtgemaakt en het geheel als een tombe van *de* mier daar zou staan; tegelijkertijd als een monument voor diens daad.
>
> Ook werd er wel gesproken over het terugduwen van de dubbele suikerklont naar het bordes van de Hoge Raad; een zeer goede plaats voor het tombe. Maar aangezien mieren ontzettend ijverig zijn en dus weinig tijd hebben om te vergaderen, vergat men het plan. Trouwens; tijdens een strenge winter, toen de grootste mierenhoop was ondersneeuwd, bleek na het smelten van de sneeuw, de suikerklont verdwenen.

Er waren in de tussen tijd heel wat jonge mieren bij gekomen, die van niets wisten en voor wie suiker suiker was.

*("De mier, de eerbied en de roem" – Anton Koolhaas")*

4.1 Skryf die sin neer wat aandui dat die mier sy taak suksesvol voltooi het. (1)

4.2 In watter opsig is die frase in r. 4: "... onverganklijke roem ..." ironies, veral as r. 16 – 17 in ag geneem word? (2)

4.3 4.3.1 Hoe wou die mieregemeenskap die mier vereer in r. 4 – 7? (1)

4.3.2 Waarom het die verering nooit plaasgevind nie? (1)

4.4 Hoe lank het die mier se stryd met die suikerklont geduur? (1)

4.5 Noem ? ooreenkoms tussen die mier en die mens soos dit in die verhaal uitgelig word. (1)

4.6 Die frase in r. 14 – 15: "... de suikerklont verdwenen ..." kan letterlik en figuurlik verstaan word. Verduidelik. (2)

4.7 Wat is ? "tombe" (r. 6)? (1)
**[10]**

**EN**

Weer lachte ik. Zo weinig mogelijk. Opnieuw bleef de man geruime tijd roerloos zitten met de bitter toegeknepen lippen en de blik vol verachting op mij gericht. "Is dat ook zo leuk?" vroeg hij eindelijk. "Het spijt me," zei ik. Hij haalde een zakdoek te voorschijn en begon daarmee over zijn besmeurde buik te wrijven, mij steeds grimmig in het oog houdend. "Iemand bemorst zijn kleding," zei hij, "o, wat geestig is dat." "Ik ging maar weer uit het raam kijken en bleef daarmee voortgaan tot we afremden voor Leiden. Daar moest hij wezen want hij stond op, deed jas en sjaal aan en zette zijn hoed op. Toen hij bezig was de coupé te verlaten voegde hij mij nog schamper toe: "Ik ga er uit. Misschien moet je daar óók wel om lachen." Omdat hij het onder het lopen zei, niet voor zich uit maar naar mij kijkend, stootte hij zijn hoofd zeer krachtig tegen het coupédeurtje en verdween kermend uit het gezicht. Ik moest inderdaad wéér lachen. Het spijt me. Ik kan het niet helpen.

(*"Een heer in de trein"* – **Simon Carmiggelt**)

4.8 Skryf ? frase uit r. 18 – 24 neer wat die reisiger se houding teenoor die verteller uitbeeld. (1)

4.9 Watter woord in r. 24 – 25 kontrasteer met “geestig” in r. 27? (1)

4.10 Wat is die rede vir die verteller se lagbui in r. 37? (1)

4.11 Wat is die rede vir die verteller se lagbui in r. 18? (1)

4.12 Die verteller spreek sy spyt in r. 23 uit. Dink jy hy bedoel dit ernstig? Motiveer jou mening. (2)

4.13 Dink jy die reisiger se sarkastiese uitlating in r. 32 – 33 is gepas? Motiveer jou siening. (2)

4.14 Word “bitter” in r. 20 letterlik of figuurlik gebruik? Motiveer jou siening. (2)

**[10]**

**EN**

“O, je bloedt helemaal. Kom hier!” riep het stemmetje. De jongen veegde opnieuw zijn lippen schoon, en bekeek zijn hand. Hij deed een paar stappen naar voren, leunde tegen de ladder, en drukte zijn gezicht tegen het koele staal van een der sporten.

“Je moet het zelf maar weten,” kirde het stemmetje boven hem.

“Je komt hier, of ik zal Vader wat gaan vertellen.”

De jongen klom langzaam de hoge ladder op en ging, boven gekomen, op de vloer zitten, na eerst een stuk gedroogde appel van een van honderden volgeregen lijnen die door de loods gespannen waren, te hebben afgerukt en in zijn mond te hebben gestopt.

“Dat heb je te laten,” zei het meisje.” Ik ga het vertellen.”

De jongen zei niets. Het meisje trok nu op haar beurt een half dozijn appelpartjes van een lijn, at één ervan op, en wierp de rest in de diepte. “Rupsen hebben ook bloed,” deelde ze mede.

“Maar het is groen.”

De jongen bleef zwijgen. Op de grote hoogte waarop ze zich bevonden was een lichte bries voelbaar, die soms in de luchtsleuven van dak en wanden een ijl gezoem veroorzaakte.

“Hij vindt je altijd meteen,” vervolge het meisje.” Omdat je te stom bent om je te verstoppen. Vader zegt er zit niets in zijn hoofd en alles moet ik er zelf inslaan. Hij zegt: Allen kan geen woord van een ander woord onderscheiden. Dat zegt hij.”

(***“Bloed”*** **– Gerard Reve]**

4.15 Waarom bloei Allen (r. 39)? (1)

4.16 Waarom bloei die vader in die slotgedeelte van die verhaal? (1)

4.17 Wie is die meisie na wie verwys word in r. 50? (1)

4.18 Watter karaktertrek van die meisie kom in r. 44 na vore? (1)

4.19 Is Allen werklik so dom soos in r. 58 – 61 bespiegel word? Motiveer jou siening. (2)

4.20 Wat, dink jy, is die rede vir Allen se stilswye (r. 55)? (1)

4.21 Hoe sou jy die verhouding tussen Allen en die meisie beskryf? (1)

4.22 Dui die verskil in die verhoudings aan tussen die vader en Allen, en die vader en die meisie. (2)

**[10]**

**OF**

**VRAAG 5**

**Paragraaftipe vraag: *Boeket***

5.1 Bespreek in 200 – 250 woorde die kortverhaal "Die herbergier van Pidalgo" deur Godfried Bomans as verhaal waarin probleme met die alledaagse werklikheid op subtiele wyse gehanteer word. Skenk veral aandag aan die volgende aspekte:

- Werktrots of werkprestasie
- Hongersnood
- Die nakom van beloftes (15)

**EN**

5.2 In die kortverhaal "Bloed" deur Gerard Reve is dit moeilik om onderskeid te tref tussen die goeie en die bose. Bespreek hierdie stelling in 180 – 200 woorde en skenk aandag aan die volgende aspekte:

- Allen se optrede
- Die vader se optrede
- Jou opinie of die goeie die bose oorwin het in die verhaal (10)

**EN**

5.3 Die hoofkarakter in "Handel" deur Maarten 't Hart is ? skurk, ? manipuleerder en uitbuiter. Bespreek hierdie stelling in 100 – 150 woorde. (5)

**[30]**

**OF**

## VRAAG 6

### Kontekstuele vraag: *Verlore Paradyse*

Lees die volgende uittreksels deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Hy het elke môre gesing wanneer hy op die water uitgaan. En van speenoud af was saam met hom op die skuit die seun wat sy tengerige vrou hom gegee het voordat sy heeltemal weggekwyn het en dood is: Wenning. Groot voor sy tyd. Seemanskappie en al. Hilda Sewes se man is deur diesee weggeneem. Op ? helder middag het ? storm uit die suide gekom en die water selfs in Vredenbaai hoër opgejaag as wat enigiemand kan onthou. Twee dae later is die skuit aan ? rots gevind asof dit ? kapstok is waaraan die see hom gehang het. Nog ? dag later is Sewes deur speelse golfies op die sand uitgedra

Ongeskonde. In sy fleur. Maar ? lyk. Hilda Sewes was verbitterd. Sy geliefde see! En wat van haar nou? Sy het bly sit met ? kind. ? Dogter genadiglik. ? Dogter wat die see nie sou sien nie. Sy wou inderdaad onmiddellik haar kind vat en padgee. Maar hier het sy ? dak oor haar kop gehad en ? groentetuintjie wat tydelik siel en liggaam aanmekaar kon hou. Toe bied ou Willem Swanepoel nog vir haar ? werkie in sy slaghuis aan. Weldra het dié sterk vrou die werk van enige blokman gedoen. En beter ook. Sy het gebly. Voorlopig.

Aanvanklik het die vriendskap tussen Milla en Wenning haar min gepla. Hulle was spotkinders. Dit was sommer van niks-anders-het-om-te-doen-nie dat hulle ure lank kon sit en ginnegaap. Skielik stilbly as sy naby kom. Luister met hulle lywe totdat sy weg is.

Een aand het hy toe hy van die boot af kom, ? vis saamgebring.

“Sommer ? ou Vredenbaai-kabeljoutjie, ta’ Hilda.

“Jy weet, Wenning, ek hou van my dag af nie van seevis nie. Ek kan nog ? varswatervis in my liggaam kry.”

“En die ou Vredenbaaiertjie dan?”

“Vat dit maar vir Erwie en Jônnie. Julle werk tog vir hulle.”

“Ek sal eendag hoër op langs die rivier loop kurper soek, vir ta’ Hilda.”

“Dis nie nodig nie.”

“Hulle is sommer net hier anderkant die invloed, ta’ Hilda.”

**(*Die invloed* – Pirow Bekker)**

6.1 Wat verraai die gebruik van die woord “gesing” (r. 1) van Wenning se pa? (1)

6.2 Op grond waarvan in r. 1 – 4 kan ons sê dat Wenning en sy ma kontrasterende karakters was? (2)

6.3 Wat is die rede vir die gebruik van kort sinne in r. 11? (1)

6.4 Watter effek het die dood van tant Hilda se man (r. 5 – 10) op haar latere verhouding met Milla gehad? (2)

6.5 Waaroor ervaar tant Hilda konflik in r. 14 – 18? (2)

6.6 Die woord "uitgedra" in r. 10 is baie gepas. Verduidelik. (2)

6.7 Watter houding van Wenning spreek uit sy gebruik van die woord "ou" in r. 26 en r. 29? (1)

6.8 Wat is "die invloed" waarna verwys word in r. 34? (1)

6.9 Wie of wat is "Erwie en Jônnie" in r. 30? (1)

6.10 Lees weer r. 20 – 24. Dink jy dat die band tussen Milla en Wenning dalk sterker is as dié tussen Milla en haar ma? Motiveer jou siening. (2)

**EN**

> Ek het begin planne beraam. Bedags by die werk het ek die een moontlikheid na die ander geweeg en te lig bevind. Ek sou versigtig te werk moes gaan; om sommer op ? aand summier te weier as Ouboet sy storie vra, sou nie verstandig wees nie. Ouboet het nou wel nie buskruit uitgevind nie, maar hy was so sterk soos ? leeu en net so kortgebakerd. Meer as een keer in die verlede moes ek onder sy hande deurloop. Genade het hy nie geken nie, veral nog as hy die gevoel kry dat jy teen hom draai.
>
> Miskien moet ek dit maar erken: ek was bang vir Ouboet.
>
> Doodbang. Ek het eenkeer gesien hoe hy ? seun in die straat bydam en sy arm breek, sonder moeite – net omdat die seun geweier het om sy sakkie albasters aan Ouboet af te staan. En wat van die keer toe ek hom betig het omdat hy smiddae agter die klein seuntjies van die buurt aanloop. Hy het hom verergen my geklap; toe ek met my arm wou keer, het hy my gegryp en teen die muur vasgeslinger. Ek het opgespring en net-net weggekom. En eers laat die aand toe hy sy storie wou hoor, het ek dit weer naby hom gewaag.
>
> Maar ten spyte daarvan het die tweede vrees begin oorhand kry.
>
> As Pa moet terugkom ... môre ... oormôre ... eendag ...
>
> Op ? aand het ek, sommer half terloops, vir Ouboet gevra of hy nie al moeg is vir die vervelige ou storie wat ek elke aand vertel nie. Sy antwoord was baie beslis: hy hou van die storie en daarmee basta. Ek wou nog verder argumenteer, maar Ouboet se oë het my betyds gekeer.
>
> **("*Slaaptydstorie*" – Chris Barnard)**

6.11 Na watter karaktertrek van Ouboet word daar in r. 4 – 5 verwys: "Ouboet het nou wel nie buskruit uitgevind nie ..." (1)

6.12 In r. 1 – 8 is elemente van innerlike en uiterlike konflik aanwesig. Verduidelik dié konflikte. (2)

6.13 Waarom luister Ouboet graag na dié storie? (1)

6.14 Die verteller maak melding van ? "tweede vrees" in r. 19. Wat was sy eerste vrees? (1)

6.15 Wat is die funksie van die beletselteken (stippels) in r. 20? (1)

6.16 Haal ? woord uit r. 1 - 8 aan wat Ouboet se dierlikheid uitbeeld. (1)

6.17 Skryf ? frase uit r. 10 - 12 neer wat op Ouboet se gewelddadige geaardheid dui. (1)

6.18 Wat beteken die woord "kortgebakerd" in r. 6? (1)

6.19 Waarom dui die verteller nie aan of hy/sy die broer/suster van Ouboet is nie? (1)

6.20 Op watter wyse manipuleer Ouboet die verteller in r. 24 – 25? (1)

6.21 Waarom, dink jy, vrees die verteller sy pa? (r. 20) (1)

6.22 Waarom vertel die verteller uiteindelik aan Ouboet die waarheid? (1)

6.23 Begryp jy waarom die verteller aan die einde van die verhaal vlug? Motiveer jou siening. (2)

**[30]**

**OF**

**VRAAG 7**

**PARAGRAAFTIPE VRAAG: *Verlore Paradyse***

7.1 In "Terugkeer van ? soldaat" deur Dolf van Niekerk is daar allerlei teenstellings. Bespreek in 300 – 400 woorde die teenstellings wat in die verhaal voorkom en hoe dit by die tema van die verhaalbundel aansluit. Skenk veral aandag aan die volgende teenstellings:

- Die lewe teenoor die dood
- Die verlede, hede en toekoms van die ma en haar seun
- Helder kleure teenoor dowwe kleure
- Vreugde teenoor hartseer (20)

**EN**

7.2 Die titel van die kortverhaal "Die invloed" deur Pirow Bekker kan op meer as een betekenisvlak geïnterpreteer word. Bewys hierdie stelling in 180 – 200 woorde. (10)

**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**TOTAAL: 120**

**EINDE**